

# Gloriosa superba

E: flame lily

A: vuur- of vlamlelie

D: Feuerlilie, Ruhmeskrone

H: otjinatjo



Gloriosa superba, skoonheidskoningin in ons veld

## **STOP! Kyk vir my!**

Dis die boodskap wat ek kry, as ek die vuurlelie sien blom. Dis eintlik die skoonheidskoningin hier in ons omgewing in die somer....**maar** dis net die helfte van die boodskap; die ander helfte is:

**PASOP, ek is baie giftig!**

Alle plantdele is giftig!  
Dus: wees versigtig!

Afhangende van die begin van die hoofreënseisoen blom die plant tussen Desember en Aprilmaand. Dis 'n meerjarige bolplant wat liefs "met die voete in die skaduwee en die kop in die son" staan onder 'n ander bos of struik, waarin dit dan opklim.. Gewoonlik vorm dit een redelik sagte stam/stingel wat na boontoe vertak, sodra dit behoorlik vashouplek gekry het. Die blare se punte groei uit tot ranklote, wat dan met die punt om 'n tak of ander blaarloot krul. Dit lyk of die blare "hande vat", om mekaar te steun. Sodoende werk die plant sy weg na bo om die struik dan met sy pragtige helderrooi blomme te kroon.



blaarpunte groei uit tot rank wat om vashouplek krul



So kroon dit 'n dorre Grewiastruik

In feitlik die hele kontinent kom hierdie pragtige klimplant voor behalwe in gebiede wat te droog is; in Namibië eintlik in die noordelike helfte, Boesmanland en die westelike dele uitgesluit. In Indië en Asië kom dit ook voor, maar in verskillende kleurvariasies. In Zimbabwe kom ene voor, wat baie meer geel toon, en die kroonblare is sterk gekartel, ook baie mooi om te aanskou.

As die blom nog jonk is, wys die kroonblare boontoe, die meeldrade staan onderaan horisontaal weg. Hoe ouer die blom word, hoe "platter" raak dit; die kroonblare sak, die helderrooi verdof. Uit die vrugbeginsel vorm 'n driedelige, kegelvormige saadhuisie met helderrooi sade daarin. (*Onthou, ROOI is 'n kleur wat jou waarsku*)



hoe ouer, hoe platter die blom



saadkapsule driegedeel

Vergiftigings deur inname van hierdie plant kom selde voor, by diere feitlik glad nie, omdat hulle nie daaraan vreet nie.

Mense is nie so slim nie, of hulle gebruik hulle wete om iemand skade toe te voeg (selfmoord, moord), of hulle is nalatig (bv. hanteer plant met kaal hande, vee dan met die hand of vingers oor mond of deur oë, voordat die hande gewas is).

Vergiftigings veroorsaak gevoelloosheid in die mond, naarheid, bloederige diaree, vinnige en swak pols, krampe, haarverlies, uiteindelijke dood.

Verantwoordelik vir die vergiftiging is colchizine ('n alkaloïed)

Gifplante het egter ook die eienskap om as geneesmiddels gebruik te kan word.

Die dik risome (ondergrondse uitgroeisels) van die bolof wortelstok word deur inheemse bevolkingsgroepe medisinaal gebruik. Dit word in fyn skywe gesny in 'n lapsakkie gesit en op aangetaste liggaamsdele (uitwendig) gesit by: slangbyt, skerpioensteek, verstuiting, aambeie (dit klink ongesond!), kneusings, parasiete (bosluise, wurms onder die vel (Dasselmaden, Ringwurm). Boesmans maak 'n poeier van *Gloriosa superba*., *Clerodendrum uncatum* en *Kedrostis foetidissima* wortels om omgekrapte maag tee te werk. Dit word by water gesit, ietwat verwarm en ingegee en bewerkstellig braking.

Colchizine word ook in die medisyneproduksie gebruik, veral in middels teen akute jig- en reumatiese aanvalle. So word die *Gloriosa* dan ook komersiëel aangeplant.

Ons beste beskerming teen plantvergiftigings is maar **kennis daarvan**. Diegene wat die plant in die tuin het, **moenie uithaal nie**, wees bewus van sy eienskappe, lig almal in wat moontlik in gevaar kan kom, plant dit op 'n plek waar klein kindertjies of onwetende nuuskieriges (buitelandse toeriste bv.) nie maklik kan bykom nie.

Ek raai ook af van eie eksperimente met *Gloriosa* as geneesmiddel. As jy dit doen, moet jy **weet** wat jy doen.

Ten spyte van sy giftigheid is dit nie verbasend, dat hierdie blom in Subsahara-Afrika, veral in die suidelike helfte van die kontinent dikwels as logo-blom gebruik word nie.

Inligtingsbronne: Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)  
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)  
Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Maart 2016